basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VISUELE KUNSTE

## RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

## GRAAD 12

## 2021

**Hierdie riglyne bestaan uit 39 bladsye.**

## INHOUDSOPGAWE


| | | | |
|---|---|---|---|
| **1.** | **INLEIDING** | | **3** |
| **2.** | **RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER** | | **4** |
| | 2.1 | Idees en benaderings om Onderwerp 1 te lei | 6 |
| | 2.2 | Idees en benaderings om Onderwerp 2 te lei | 7 |
| | 2.3 | Hoe om die PAT'e te administreer | 8 |
| | 2.4 | Retrospektiewe uitstalling (PAT-uitstalling) | 8 |
| | 2.5 | Hoe om die praktiese take te assesseer/na te sien | 11 |
| | 2.6 | Moderering van praktiese take | 13 |
| | 2.7 | Verklaring van egtheid | 14 |
| **3.** | **RIGLYNE VIR DIE LEERDER** | | **15** |
| | 3.1 | Instruksies vir die leerder | 15 |
| | 3.2 | Vereistes: Jaarlikse plan | 22 |
| | 3.3 | Assessering | 23 |
| | 3.4 | Afwesigheid/Take nie ingelewer nie | 24 |
| | 3.5 | Aanbiedingsvereistes | 24 |
| | 3.6 | Tydraamwerk | 24 |
| | 3.7 | Verklaring van egtheid | 24 |
| **4.** | **BRONNELYS** | | **25** |
| **5.** | **GEVOLGTREKKING** | | **25** |

**BYLAE A: VERKLARING VAN EGTHEID** **26**

**BYLAE B: VOORBEELD VAN PRAKTIESE TAAK** **27**

**BYLAE C: RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER OM DIE PAT: *TOEKOMSLAND* TE BESTUUR** **38**

## 1. INLEIDING

Die 18 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurspraktyke, Landboutegnologie
- KUNSTE: Dansstudies, Dramatiese Kunste, Musiek, Ontwerp, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie, Tegniese Wetenskappe, Tegniese Wiskunde
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika en -ontwerp

'n Praktiese assesseringstaak(PAT)-punt is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke met 'n praktiese komponent en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT, wat afgebreek word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite wat die PAT opmaak, word in die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Die PAT bied aan leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en maak ook voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n geskrewe formaat geassesseer kan word nie, bv. 'n geskrewe toets of eksamen. Dit is dus belangrik vir skole om te verseker dat alle leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat hulle aan die einde van die skooljaar hul uitslae kry. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

## 2. RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER

**KREATIWITEIT** – *Leerders toon kreatiwiteit wanneer hulle met idees speel en verskillende benaderings genereer. Hulle skep oorspronklike beelde en artefakte deur verbeeldingryke en persoonlike oplossings in reaksie op doelgerigte take. Oorspronklikheid kan gedefinieer word met betrekking tot die leerders se eie vorige werk, die werk van hul portuurgroep, of wat ander in 'n verskeidenheid historiese kontekste geskep het.*





**Die Nasionale Departement van Basiese Onderwys (DBE) het besluit dat Visuele Kunste-onderwysers hul eie SGA-take sal opstel weens die kreatiewe aard van die vak.**

Vir Visuele Kunste moet TWEE praktiese projekte in Kwartaal 1 en Kwartaal 2 voltooi word – Kunswerk 1 en Kunswerk 2. Elke kunswerk moet bestaan uit Onderwerp 1 (Bronboek) en Onderwerp 2 (Kunswerk). Beide praktiese projekte word intern opgestel en per kwartaal deur die onderwyser geassesseer.

Die punte word soos volg opgeteken:

- Onderwerp 1 (Bronboek): as deel van die SBA punt opgeteken
- Onderwerp 2 (Kunswerk): as deel van die PAT-punt opgeteken en word slegs aan die einde van die jaar gereflekteer

Die PAT sal aan die einde van die jaar in die vorm van 'n uitstalling aangebied word. Die uitstalling bestaan uit die kunswerke wat gedurende Kwartaal 1 en 2 voltooi is (minimum vereiste), plus kunswerk(e) wat verdere uitbreiding en ontwikkeling van die tema(s) wat ondersoek is, toon. Die kunswerke (Onderwerp 2) van Kwartaal 1 en 2 vir die PAT-uitstalling word elke kwartaal intern geassesseer en as deel van die PAT-punt in Kwartaal 4 opgeteken. Die punt vir die PAT-uitstalling in Kwartaal 4 dek die res van die punt.

<table>
<tr><th colspan="4">TAAK 5<br>PAT<br>(Deurlopende assessering van Kwartaal 1 tot Kwartaal 3)</th></tr>
<tr><th>KWARTAAL 1</th><th>KWARTAAL 2</th><th>KWARTAAL 3</th><th>KWARTAAL 4</th></tr>
<tr><td>KUNSWERK 1<br>Onderwerp 2<br>(formatiewe assessering)<br>100 punte</td><td>KUNSWERK 2<br>Onderwerp 2<br>(formatiewe assessering)<br>100 punte</td><td>PAT-UITSTALLINGS-PROSES</td><td>PAT-UITSTALLING</td></tr>
<tr><td>25%</td><td>25%</td><td>25%</td><td>25%</td></tr>
<tr><td colspan="2">Intern geassesseerde kunswerke<br>(Kwartaal 1 + 2) = 50 punte</td><td colspan="2">Uitstalling = 50 punte<br>(Ekstern geassesseer in Kwartaal 4)</td></tr>
<tr><td colspan="4">100</td></tr>
</table>

Aangesien die aard van die onderwerp kreatiwiteit en selfuitdrukking is, mag leerders nie deur die minimum vereistes ingehok word nie, maar mag hulle toegelaat word om meer werke doen wat verband hou met die twee temas wat hulle ondersoek het. Onderwysers moet selfuitdrukking en individualiteit van leerders in hierdie uitstalling aanmoedig. In Kwartaal 3 het leerders die geleentheid om hul praktiese werk verder te ontwikkel en tot 'n samehangende en holistiese groep kunswerke uit te brei wat in die konteks van 'n uitstallingsomgewing gesien word.

Leerders moet die PAT in die vorm van 'n **geskrewe opdrag** ontvang om hulle van die volgende in kennis te stel:

- Die presiese doel of eindproduk wat van die taak verwag word met betrekking tot medium, grootte, ens.
- Bronne beskikbaar vir verwysing/navorsing/ondersoeke/eksperimentering
- Assesseringsprosedures en -kriteria wat gebruik gaan word
- Presiese, nie-onderhandelbare datums vir die inlewering van werk; kontrolepunte gedurende die proses
- Enige moontlike beperkings en/of riglyne vir die opdrag
- Toepaslike mediums, tegnieke en/of benaderings vir die opdrag

Dit is soms 'n goeie idee om die skriftelike opdrag na 'n aktiwiteit of reeks aktiwiteite te gee. Onderwerp 1 kan bestaan uit 'n reeks 'boublokke' wat agtereenvolgens gegee word om eksperimentering en die ontwikkeling van Onderwerp 1 te verseker. Met sorgvuldige beplanning sal die onderwyser weet waarheen hierdie 'boublokke' die leerders sal lei. Leerders weet dalk nie waarheen dit lei nie, wat voortdurend aspekte van verrassing skep. Dit voorkom ook die neiging dat leerders by hulle eerste idee vashaak, sonder om werklik te eksperimenteer en ander moontlikhede te ondersoek. Verder sal die bronboek byna voltooi wees voordat daar met die finale kunswerk begin word. Dit sal ook met die pasaangeëry van die proses help.



**Algemene riglyne om die PAT op te stel:**

- In graad 12 moet take **oop** opdragte wees wat leerders in staat stel om die materiaal, gereedskap, tegnieke, temas en prosesse binne hul gespesialiseerde praktiese opsies, bv. skilder, beeldhouwerk, drukkuns, ens., te kies.
- Dit word ten sterkste aanbeveel dat onderwysers hulle eie PAT'e opstel om kreatiwiteit en oorspronklikheid te inspireer. Kontekstuele faktore moet in ag geneem word, naamlik die materiaal, toerusting en geriewe by 'n skool; hulpbronne, koste, ervaring van leerders, ens.
- Geskikte media, tegnieke en/of benaderings moet vir die taak gekies word.
- Onthou die presiese doel of eindproduk wat van die taak ten opsigte van medium, grootte, ens. verwag word om innoverende en persoonlike interpretasies in ag te neem. Oorspronklikheid en kreatiwiteit is uiters belangrik.

- Wanneer daar oor temas besluit word, neem altyd die leerders se belangstellings, ervaring en konteks in ag om hulle uit te daag. Kunswerke vertel ons van kunstenaars se ondervindings, idees en gevoelens. Moedig 'eerlikheid' aan sodat leerders se kunswerke spreek van hulle ondervindings, idees en gevoelens sodat hulle nie 'tweedehandse' werk lewer nie.
- Baie onderwysers kan op 'n oorkoepelende tema vir die jaar se praktiese werk besluit en dit dan in spesifieke aspekte van die tema verdeel, met ander woorde een per kwartaal. Dit kan 'n meer samehangende groep kunswerke in die retrospektiewe uitstalling tot gevolg hê.
- Stel verwagtinge, minimum vereistes en sperdatums met betrekking tot die eindproduk vas.

**BYLAE B op bladsy 27 het 'n voorbeeld van 'n praktiese taak. Onderwysers kan hierdie taak as een van hul praktiese take vir 2021 gebruik.**

**BYLAE C op bladsy 38 gee spesifieke riglyne vir onderwysers met betrekking tot hierdie praktiese taak.**

**2.1 Idees en benaderings om Onderwerp 1 te lei**

**Informele en formele voorbereiding vir praktiese werk moet in 'n bronboek spesifiek vir Visuele Kunste opgeteken word.** Hierdie bronboek is NIE 'n formele, netjiese notaboek NIE, maar 'n ekspressiewe, persoonlike 'dagboek' met idees en prikkels wat 'n individu se eie styl, belangstellings en persoonlikheid weerspieël. Dit moet vol wees, opwindend en 'n nuttige bron vol idees en beelde vir gebruik in praktiese opdragte. Leerders moet al hulle konseptuele idees, beplanning, 'rondspeel' en verkenningswerk in hulle Visuele Kunste-bronboek plaas.

Die bronboek gee insig in die manier waarop die leerders idees gevorm het, hoeveel alternatiewe hulle ondersoek het en ander prosesse wat tot die finale werk gelei het. **Die bronboek moet alle denkprosesse wat tot die maak van kunswerke gelei het, duidelik weergee.**

**Die Riglyne vir die Leerder op bladsy 15 in hierdie dokument verskaf meer gedetailleerde inligting oor die proses van konseptualisering in die bronboek.**

**Die bronboek moet die volgende insluit:**

- Sketse en voorbereidingstekeninge. Teken is 'n verpligte deel van alle praktiese opsies in Visuele Kunste. Verwys na bladsy 18 in die Riglyne vir die Leerder vir 'n definisie in breë trekke van 'teken'.
- Visuele beelde, artikels, uittreksels, voorbeelde, foto's, ens. deur die leerder versamel
- Voorwerpe (stukkies papier, verpakkingsmateriaal, ens.) wat die leerder interessant of stimulerend gevind het, wat persoonlike betekenis het of wat op die een of ander tyd vir 'n praktiese projek bruikbaar kan wees
- Krabbels ('Doodles'), woorde, sketse, geskrifte wat met die leerder se ondervindings en konteks verband hou
- Navorsing en studie oor 'n wye verskeidenheid kunstenaars, asook voorbeelde wat hulle praktiese werk sal inspireer
- Enigiets anders wat die leerder stimulerend en/of interessant mag vind en wat as 'n bron vir sy/haar praktiese werk kan dien
- Ondersoek verskillende tegnieke en materiaal
- Breinkaarte om idees te ontwikkel
- Dokumentasie van enige proseswerk

**Onderwysers moet:**

- Die konseptualiseringsproses in die bronboek fasiliteer en lei
- Eksperimentering met verskillende media aanmoedig. Dit kan klein skilderye, collages, ens. insluit.

- Leerders aanmoedig om die bronboek vir skryf- en sketswerk te gebruik om op dié manier verder as die vasgestelde opdrag te gaan
- Klem plaas op die feit dat hierdie 'n persoonlike uitdrukking is en dat daar nie net een manier is om dit te doen nie. Moenie te voorskriftelik wees nie, maar laat toe dat leerders op hulle eie manier die bronboek binne die riglyne skep.
- Leerders aan 'n verskeidenheid kunstenaarsboeke blootstel en beklemtoon dat die ontwikkelingsproses van die kunswerk belangriker as net 'n netjiese 'plakboek' is. Daar is geen voorskrifte ten opsigte van die grootte nie – dit kan A3, A4 of enige ander grootte wees.

### 2.2 Idees en benaderings om Onderwerp 2 te lei

- Graad 12 is die akkumulasie van 'n drie-jaar-studie en leerders moet voldoende tegniese vaardighede hê.
- Demonstreer, verduidelik en verwys na die werk van relevante kunstenaars wanneer spesifieke temas bekendgestel word om met Visuele Kultuurstudies te integreer.
- Baie min leerders kan 'n opdrag op hul eie voltooi. Daar word van jou as die Visuele Kunste-onderwyser verwag om die kreatiewe proses van begin tot einde te lei. Wees ontvanklik vir uiteenlopende oplossings vir praktiese projekte.
- Doen voortdurend informele assessering deur leerders se werksvordering met hulle te bespreek. Probeer om leerders te lei om hul eie oplossings te vind eerder as om jou idees op hulle af te dwing.
- Hou gereelde 'kritieksessies', waartydens jy leerders fasiliteer en leer om te praat en hulle klasmaats se werk op 'n konstruktiewe manier te bespreek.
- **Onthou dat jy as die Visuele Kunste-onderwyser die estetiese kwaliteite van enige take moet lei.** Dit is die onderwyser se plig om die leerder te help om sy/haar eie kreatiewe stem te vind.
- Probeer om hulle te lei om individuele en innoverende benaderings/oplossings te vind.
- Lei hulle om idees te ontwikkel deur vanaf eerstehandse waarnemings te werk.
- Lei leerders ook om bronmateriaal met 'n gebrek aan estetiese eienskappe uit te skakel. Esteties beteken nie 'mooi' nie; sommige van die 'lelikste' beelde kan in 'n kunswerk op 'n ongelooflike wyse weergegee word.
- Leerders moet selfversekerde en berekende risiko's neem en nuwe idees en prosesse sonder vrees vir mislukking uittoets.
- Dit is belangrik dat die Visuele Kunste-onderwyser leerders selfvertroue aanleer sodat leerders gemaklik sal voel met die neem van risiko's en om uit hul foute te leer wanneer hulle idees, materiaal, gereedskap en tegnieke verken en daarmee eksperimenteer.
- Kreatiewe aktiwiteit kan op verskillende vlakke plaasvind; vanaf die laer vlak waar 'n pastiche van 'n bestaande idee of werk geskep word, tot die hoogste vlak waar 'n heeltemal vars en individualistiese proses en/of uitkoms ontwikkel word.
- Dit is belangrik om deur die hele jaar deurlopend na die leerders se groep kunswerke te kyk en dit te bespreek. Dit help om hulle sterk en swak punte te identifiseer.
- Oppas vir skadelike kritiek. Dit is raadsaam om met die positiewe te begin en dan na areas te beweeg waarop verbeter kan word. Praat met die leerder, bv.: 'Ek dink dit sal meer doeltreffend wees as jy hierdie ... verander. Wat dink jy?' Dit laat hulle deel van die proses voel en laat hulle oor hul werk dink.
- Dit is belangrik dat jy jou leerders verstaan en ken en hulle spesifieke sterk punte ontwikkel. Sommige leerders sal deeglike beplanners wees, terwyl ander meer intuïtief werk.
- Daar is baie maniere om kunswerke te skep. Party kunstenaars doen noukeurige beplanning voordat hulle met die kunswerk begin, terwyl ander, bv. sommige Surrealiste en Abstrakte Ekspressioniste, meer 'vry' begin en die werk algaande gedurende die skeppingsproses ontwikkel. Wees buigsaam genoeg om leerders in staat te stel om verskillende maniere te gebruik om kunswerke te skep. Daar word sterker individuele interpretasies en style van graad 12-leerders verwag.
- Lei leerders om doelmatige, onafhanklike, kritiese en peinsende denkers te wees.
- Moenie die leerders onderskat nie, maar daag hulle uit, want hulle verras 'n mens dikwels.

- **Besinning:**
  - Aan die einde van elke PAT moet daar 'n vorm van besinning/terugvoering wees oor die werk wat elke leerder geskep het om verdere ontwikkeling van die leerder te verseker. Dit kan geskrewe en/of verbale terugvoering wees wat kommentaar lewer op sterk en swak punte.
  - Dit kan selfbesinning, klas-/onderwyserbesinning en -nasien, portuurbesinning of oop kritieksessies wees wat deur die onderwyser en die leerder gelei word.
  - Terugvoering kan die vorm van 'n mini-uitstalling aanneem.

## 2.3 Hoe om die PAT'e te administreer

- Maak seker dat kunsmedia beskikbaar is.
- Voldoende tyd (kies kontaktyd gedurende en/of na skool).
- Maak seker dat kontrolepunte en sperdatums nagekom word.
- Informele deurlopende assessering.
- Voltooi formele assessering volgens die rubriek.
- Voltooi sigblaaie ('spreadsheets') wat deur die provinsie verskaf word.
- Volg die skool se beleid ten opsigte van die indiening van punte.
- PAT-punte en onderwyserportefeuljes moet altyd vir kluster-/provinsiale moderering beskikbaar wees.
- Veilige berging moet vir praktiese werk moet deur die skool verskaf word.
- Alle kunswerke moet ten alle tye vir uitstallings, eisteddfods en kunstefeeste beskikbaar wees en bly die eiendom van die DBE totdat die finale uitslae vrygestel word. Die veilige bewaring van die kunswerke is die skool se verantwoordelikheid.

## 2.4 Retrospektiewe uitstalling (PAT-uitstalling)



Aan die einde van graad 12 moet leerders 'n retrospektiewe (PAT-) uitstalling van hul werk as deel van hul eksamenpunt aanbied. Hierdie uitstalling toon wesenlike bewyse van die leerders se Visuele Kunste-konseptualisering, tegniese vaardighede en kennis wat mettertyd ontwikkel het. Dit vertoon die leerders se praktiese ontwikkeling in die aanbieding van 'n samehangende groep kunswerke soortgelyk aan 'n klein eenmansuitstalling of studentegradueringsuitstalling. Dit het spesifiek te doen met die bestuur van proses en aanbieding wat deel vorm van Onderwerp 2.

## Onderwerp 2: Die skep van kunswerke

Volgens die KABV moet graad 12-leerders hul eie werk vertoon, uitstal of aanbied op 'n manier wat die ekspressiewe en konseptuele impak van die werk versterk en komplementeer.

### Kontrolelys vir die uitstalling

- Die kunswerke (Onderwerp 2) van die twee praktiese take is **verpligtend en minimum vereistes**.
- Een of twee Graad 11 kunswerke om ontwikkeling en progressie te toon.
- Aangesien die aard van die vak kreatiwiteit en selfuitdrukking is, **mag leerders nie ingeperk word deur die minimum vereistes nie, maar toegelaat word om meer werke te doen wat verband hou met die twee temas wat hulle ondersoek het. Ons moet leerders se selfuitdrukking en individualiteit in hierdie uitstalling aanmoedig.**
- Graad 12 leerders moet die geleentheid gebruik om hul praktiese werk te ontwikkel en uit te brei na 'n samehangende en holistiese groep werke wat in die konteks van 'n uitstallingsomgewing gesien word. Daarom kan leerders meer werke uitstal wat bewys lewer van hierdie proses, bv. werk wat op hul eie gedoen is en/of die uitbreiding van hulle temas in meer kunswerke.
- Die bronboek(e), alhoewel dit reeds geassesseer is, moet vertoon word om die ontwikkeling na die finale kunswerk(e) te toon.

### Aanbieding

- Onderwysers moet die ruimte vir die uitstalling verskaf, bv. die skoolsaal, kunsklas, ens.
- Onderwysers moet leerders bewus maak van die belangrikheid van die aanbieding van hul werk en riglyne verskaf vir 'n netjiese, professionele uitstalling.
- Die leerder se naam moet duidelik vertoon word en die graad 12-take moet duidelik gemerk word.
- Die raam van werke is onnodig, maar in baie gevalle sal eenvoudige montering die werk beter laat vertoon.
- Leerders moet hulle daarvan weerhou om rekwisiete, bykomstighede, ens. te gebruik. Die uitstalling moet 'n bewustheid van professionele uitstallingspraktyke toon.
- As rekenaars nodig is om digitale werk te toon, moet onderwysers seker maak dat die rekenaars werk en dat hulle die wagwoorde ken.

### Assessering

Hierdie groep kunswerke sal holisties geassesseer word.

Die volgende is 'n riglyn van aspekte wat tot die finale geldige punt sal lei:

- Algehele vordering en ontwikkeling van die leerder tot onafhanklike en individuele oplossings
- Kreatiwiteit en oorspronklikheid
- Tegniese vaardighede
- Persoonlike betrokkenheid en uitdrukking in die proses en finale werke
- Bewyse in die bronboek: konseptualisering, ondersoek en eksperimentering van media, tegnieke, style, ens. Voldoende verkenning van teken.
- Volpunte kan nie toegeken word as alle vereiste kunswerke nie aangebied word nie. Punte moet aangepas word volgens die werke wat aangebied word.
- Die beskrywende rubriek, ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK, op bladsy 11 en 12, MOET gebruik word om standaardisering te verseker.

**ASSESSERINGSKRITERIA**

Hierdie groep kunswerke sal holisties geassesseer word.

| **KRITERIA** |
|---|
| **Algehele indruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering:**<br>Ontwikkeling van nuwe en unieke antwoorde/oplossings |
| **Keuse en gebruik van materiaal/tegnieke:**<br>Geskiktheid van materiaal en tegnieke volgens die konsep; veiligheid en bestuurbaarheid; tegniese vaardighede getoon |
| **Gebruik van formele kunselemente:**<br>Die belangrikheid van elemente en kunsbeginsels, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, verhouding en komposisie |
| **Interpretasie en praktiese implementering van tema(s):**<br>'n Persoonlike interpretasie van 'n tema; eksperimentering; hantering van nuwe uitdagings |
| **Voltooiing en aanbieding van kunswerk:**<br>Aandag aan detail; taak binne tydsduur voltooi; aanbieding volgens taak |
| **Kuratorskap (Aanbieding) van uitstalling:**<br>Professionaliteit, duidelik, ens. |
| **TOTAAL: 100** |

## 2.5 Hoe om die praktiese take te assesseer/na te sien

### ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK

| | | |
|---|---|---|
| **Uitstaande** | 90–100 | • Die leerder het baie idees gegenereer; het ongewone kombinasies of veranderinge probeer voordat een idee gekies is; het verbindings met vorige kennis gemaak; bemeestering van probleemoplossingsvaardighede.<br>• Poging veel meer as wat vereis word.<br>• Die 'WOW'-faktor is duidelik.<br>• Werke toon 'n groot mate van innovering.<br>• Inhoud/konseptuele rykdom van die werk is uitstekend.<br>• Die werk in geheel spreek van selfvertroue en is stemmingsvol; dit betrek die kyker met uitstekende visuele kwaliteite.<br>• Die werk toon duidelik oorspronklike visie, 'n verskeidenheid innoverende idees en/of die neem van risiko's en die vindingryke artikulasie van 'n wye verskeidenheid elemente en beginsels.<br>• Uitstaande en oorspronklike aanbieding. Buitengewone vermoë; kreatiewe rykheid; insiggewend, vlot, hoë vaardigheid, waarneming en kennis sterk uitgedruk; ondersteun deur 'n oorspronklike of ongewone keuse van relevante visuele verwysings. |
| **Uitstekend** | 80–89 | • Treffende impak; meestal soos hierbo; gedetailleerd; goed georganiseerd en samehangend; afgerond; vaardigheid duidelik; ondersteun deur oorspronklike/ongewone/relevante visuele verwysings; aanbieding oorspronklik en weldeurdag; minder opgelos; 'n paar geringe foute sigbaar.<br>• Dikwels uitstekende tegniese vaardighede, maar nie so innoverend nie OF baie innoverend, maar daar is 'n gebrek aan tegniese rykheid. |
| **Baie goed** | 70–79 | • Goed georganiseerd, soos hierbo, maar 'sprankel' ontbreek (minder oortuigend ten opsigte van verbeelding, kreatiwiteit en innovering); goeie vlak van bevoegdheid en keuse van inhoud; ondersteun deur 'n goeie keuse van relevante visuele verwysings; duidelike sorg en moeite met oorspronklike aanbieding; 'n paar duidelike teenstrydighede/foute sigbaar.<br>• Goeie bewys van moeite en toewyding. Interessant/innoverend/ kreatief, maar nie tegnies opgelos nie.<br>• Tegnies goed, maar konseptuele rykheid ontbreek, of andersom. Werk mag kreatief innoverend wees, maar tegniese vaardighede ontbreek. |
| **Goed** | 60–69 | • Die werk demonstreer 'n mate van oorspronklikheid; duidelike bedoeling; oortuigend; eenvoudige, direkte gebruik van medium; vertoon begrip, maar neig soms na die alledaagse en stereotipiese reaksie; voldoende keuse van relevante visuele verwysings; redelike moeite gedoen met aanbieding; steurende/ duidelike teenstrydighede.<br>• Goeie vlak van bevoegdheid. |
| **Gemiddeld** | 50–59 | • Voldoende; voel meganies; afgelei of gekopieer; min insig.<br>• Verbeeldingloos; 'n paar visuele verwysings wat nie altyd duidelik geïdentifiseer nie.<br>• Aanvaarbare aanbieding; baie steurende teenstrydighede.<br>• Gemiddelde vlak van tegniese bevoegheid. Moontlike beperkte betrokkenheid ten opsigte van tyd en moeite.<br>• Beelde is van 'n ander bron gekopieer met min transformasie van beelde.<br>• Min bewyse dat iets ongewoon probeer is.<br>• Omvang van werk is eng en/of herhalend. |

| | | |
|---|---|---|
| **Onder-gemiddeld** | 40–49 | • Genoeg materiaal/werk om te slaag; nie logies saamgestel nie.<br>• Beperkte keuses van inligting; swak tegniese vaardighede en/of gebrek aan tyd aan taak gewy, kan bydraende faktore wees.<br>• Min gebruik van visuele inligting; lomp of nalatige aanbieding wat ondersteuning/motivering benodig om te slaag.<br>• Beeldgebruik is van 'n ander bron gekopieer met baie min transformasie.<br>• Komposisie is swak en onontwikkeld; geen bewyse van beplanning nie of onvolledige beplanning. |
| **Swak** | 30–39 | • Net genoeg materiaal/werk om te slaag.<br>• Visueel oninteressant; onkreatief; beperkte/swak tegniese vaardighede gebruik.<br>• Geringe poging aangewend om inligting op 'n aanvaarbare wyse aan te bied; min of geen visuele inligting/verwysings nie.<br>• Algemene gebrek aan toewyding; benodig ondersteuning/ motivering om te slaag<br>• Onvoldoende tyd aan taak gewy. Standaard onder die aanvaarbare.<br>• Swak oplossings vir probleme; kunswerk is gekopieer en oppervlakkig. Geen bewyse van oorspronklike denke nie. |
| **Baie swak Druip** | 20–29 | • Baie min inligting; onsamehangend; nie maklik om na te kyk nie; min of irrelevante werk/visuele inligting.<br>• Geen moeite gedoen om werk op 'n aanvaarbare manier aan te bied nie; algemene gebrek aan toewyding/samewerking.<br>• Baie swak vaardigheidsvlak.<br>• Projek is baie swak of onvoltooid.<br>• Swak estetiese besluitneming.<br>• Klasse is gemis en leerder kon nie die tyd inhaal nie. |
| **Onaanvaarbaar Druip** | 0–19 | • Onsamehangend; irrelevant; baie min of geen werk nie; gebrek aan selfs beperkte vaardighede; geen toewyding/samewerking.<br>• Werk onvoltooid.<br>• Swak artistiese besluitneming/leerder het geen moeite gedoen nie.<br>• Die meeste klasse is gemis en leerder kon nie die tyd inhaal nie. |



## 2.6 Moderering van praktiese take

Moderering is noodsaaklik vir gehalteversekering en moet op 'n gereelde basis plaasvind. Die templaat hieronder kan vir interne (skool) en eksterne (provinsiale) moderering van die praktiese take gebruik word.

| VISUELE KUNSTE: MODERERING VAN PRAKTIESE TAKE | | | |
|---|---|---|---|
| **SKOOL** | | **VAK** | |
| **GRAAD** | | **DATUM** | |
| **ONDERWYSER** | | **MODERATOR** | |

| | | |
|---|---|---|
| **1.** | **DIE PAT-OPDRAG** | √ **OF** x |
| | Vaknaam, graad en jaar | |
| | Duidelike instruksies van wat verwag word, wat op die spesifieke graad van toepassing is | |
| | Realistiese verwagtinge vir die spesifieke graad | |
| | Visuele inspirasie | |
| | Die opdrag gebaseer op Williams se taksonomie skep die geleentheid om die volgende te ontwikkel:<br>● **Vloei** (die generering van idees, antwoorde, reaksies, moontlikhede vir 'n gegewe situasie/ probleem) | |
| | ● **Buigsaamheid** (die generering van alternatiewe, variasies, aanpassings, verskillende idees/oplossings/opsies) | |
| | ● **Oorspronklikheid** (die generering van nuwe, unieke en ongewone antwoorde/oplossings) | |
| | ● **Uitbreiding** (die uitbreiding, vergroting, verryking of verfraaiing van idees om dit makliker te maak vir ander om te verstaan of om dit meer interessant te maak) | |
| | ● **Risiko's neem** (eksperimentering, probeer nuwe uitdagings) | |
| | ● **Kompleksiteit** (die vermoë om struktuur uit chaos te skep, om logiese orde in 'n gegewe situasie te bring en/of die ontbrekende dele raak te sien) | |
| | ● **Nuuskierigheid** (die vermoë om te wonder, na te dink, te oorweeg of te raai) | |
| | ● **Verbeelding** (die vermoë om denkbeeldige prentjies te bou, moontlikhede en nuwe dinge te visualiseer of verby praktiese beperkinge te reik) | |
| | Duidelike assesseringskriteria | |
| | Sperdatums en tydsbestuur | |
| | KOMMENTAAR: | |
| **2.** | **ASSESSERING VAN PAT** | |
| | Van toepassing op die spesifieke graad in lyn met die provinsie se standaard, bv. realistiese nasien | |
| | Gebruik van assesseringskriteria | |
| | **100 punte vir bronboek**, insluitend assessering van die volgende: | |
| | ● Konsep-ontwikkeling | |
| | ● Navorsing, ondersoek, eksperimentering | |
| | ● Prosestekeninge | |
| | ● Aanbieding, algehele voorkoms | |
| | Indien al die bogenoemde, of sommige daarvan, nie van leerders verwag is nie, was daar 'n betekenisvolle en/of kreatiewe alternatief? | |
| | **100 punte vir kunswerk(e)**, insluitend assessering van die volgende: | |
| | ● Keuse en gebruik van materiaal/tegnieke | |
| | ● Gebruik van formele kunselemente | |
| | ● Geheelindruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering | |
| | ● Interpretasie en praktiese implementering van navorsing | |
| | ● Voltooiing en aanbieding van kunswerk | |
| | Indien al die bogenoemde, of sommige daarvan, nie van leerders verwag is nie, was daar 'n betekenisvolle en/of kreatiewe alternatief? | |
| | KOMMENTAAR: | |

## 2.7 Verklaring van egtheid

Verwys na BYLAE A op bladsy 26.






## 3. RIGLYNE VIR DIE LEERDER

### 3.1 Instruksies vir die leerder

| **ONDERWERP 1 – BRONBOEK** (Konseptualisering deur die ontwikkeling en verwesenliking van kreatiewe idees) |
|---|

**' 'n Idee is ons visuele reaksie op iets wat ons gesien het – in die werklike lewe, in ons geheue, in ons verbeelding, in ons drome.'** – Vrye vertaling: Anna Held Audette in die boek, *The Blank Canvas*

Die bronboek verskaf insig oor die manier waarop jy idees gevorm het, hoeveel alternatiewe jy ondersoek het en ander prosesse wat tot die finale werk gelei het. Die bronboek moet alle gedagteprosesse wat tot die maak van kunswerke gelei het, duidelik oordra.

Jy moet visueel die **'storie'** vertel van hoe jou kunswerk ontstaan en ontwikkel het en geskep is deur teken, eksperimenteer en skryf. Dit moet jou **individualiteit** en **kreatiwiteit** as 'n Visuele Kunste-leerder weerspieël.




Jy moet in jou bronboek avontuurlustig en kreatief-ondersoekend wees, risiko's neem, eksperimenteer en bowenal teken, teken, teken.

| ASSESSERINGSKRITERIA | Dit sluit die volgende in: |
|---|---|
| **Konsep-ontwikkeling** | Breinkaarte, sketse met byskrifte en tekeninge om konsep-ontwikkeling te toon |

Die volgende stappe sal jou help met konsep-ontwikkeling:

| **HOE OM IDEES TE GENEREER** |
|---|

Thomas Edison, die groot uitvinder, het gesê dat genialiteit een persent inspirasie en nege-en-negentig persent sweet is. As jy op inspirasie gaan wag vir 'n projek om jou soos 'n weerligstraal te tref, gaan jy baie lank wag en dan gewoonlik met 'n baie duidelike oplossing vorendag kom. Kunstenaars werk hard om inspirasie te kry deur ander kunstenaars na te vors, te teken, te skryf en met tegnieke en verskillende media te eksperimenteer.

Terwyl jy idees kry, probeer om jou denkprosesse te lei na dit wat persoonlik, ongewoon en uitdagend is en wat jou met passie vul.




**Wanneer jy 'n tema ontvang, kan die volgende gebruik word om idees rondom die tema te genereer:**

- **Breinkaart**
  'n Breinkaart is 'n goeie instrument om idees wat met die sentrale tema verband hou, voort te bring. Die eindresultaat moet 'n webagtige struktuur van woorde en idees of selfs visuele beelde wees. Soos wat jy die vertakkings uitbrei, ontdek jy dalk nuwe oplossings.

  **'n Paar vinnige riglyne:**
  - Begin deur die tema in die middel van die bladsy te plaas (skryf die woord en/of teken 'n prent daarvan).
  - Teken ten minste vier dik, organiese takke wat vanaf die sentrale woord/beeld uitstraal. Jy kan verskillende kleure gebruik om elke tak te verteenwoordig.
  - Teken addisionele takke wat vanaf jou hooftakke strek. Die woorde op hierdie takke is sub-onderwerpe van die woorde wat jy op jou hooftakke geskryf het.
  - Hou aan om die breinkaart uitwaarts uit te brei met addisionele sub-onderwerpe/ kernwoorde en takke.

- **Die gebruik van woordeboeke en 'n tesourus**
  Soek die betekenis van woorde op. 'n Tesourus neem 'n mens op 'n reis van sinonieme wat nuwe inspirasiemoontlikhede oopmaak.

- **Bewussynstroom-skryf ('Stream of consciousness writing')**
  Begin sommer net skryf oor die tema wat jy gekry het, sonder om bewustelik te dink. Lees daardeur en miskien is daar 'n oorspronklike oplossing.

- **Maak lysies en sketse**
  Baie kunstenaars gebruik lysies en sketse van moontlikhede. Visueel kreatiewe mense gebruik dikwels duimnaelsketse as hulle lysies.

- **Ander idees**
  Inspirasie kan van die volgende kom:
  - Klanke – uit die natuur, musiek, liedjies
  - Woorde – poësie, letterkunde, aanhalings, frases
  - Visuele beelde – werk van ander kunstenaars
  - Prente – uit boeke, tydskrifte, katalogusse


- **Persoonlik**
  Dit is belangrik dat jy temas verpersoonlik. Jy moet konsentreer op dinge waarvoor jy omgee, dinge wat jou roer. Voer onderhoude met jou familie en vriende, gebruik ou familiefoto's, objekte wat 'n spesiale betekenis het, ens. Kyk na jou 'storie' – jou familiegeskiedenis, tradisies, rituele – en vertel 'n persoonlike storie. 'n Ware kunstenaar maak kuns wat vir hom/haar van waarde is.

| |
|---|
| Om kunswerke te kan skep moet jy toegang tot beeldmateriaal van 'n hoë gehalte hê. Probeer om nie slegs foto's van ander te gebruik nie. Dit is altyd beter om 'n onderwerp eerstehands te verken. Baie van die foto's op die internet is van 'n swak gehalte of is te generies. Leerders moet aangemoedig word om hul eie foto's te neem en hul eie bronmateriaal te genereer. |

## SELEKTEER EN EVALUEER IDEES

| ASSESSERINGSKRITERIA | Dit sluit die volgende in: |
|---|---|
| **Navorsing, ondersoek, eksperimentering, ens.** | • Dit moet **sommige of al** die volgende insluit:<br>○ Sketse, tekeninge, foto's, visuele beelde, versamelde gedigte, lirieke en enige ander materiaal wat jou inspireer<br>○ Navorsing oor kunstenaars wat jou geïnspireer het<br>○ Eksperimentering van media en/of verskillende tegnieke<br>• Alle materiaal moet met die ontwikkeling van **jou** werk verband hou en moet **jou** besluite ondersteun. |


Jy behoort nou baie idees te hê en moet nou die beste globale idee vir verdere verkenning kies.




- **Eksperimenteer met materiaal en tegnieke**
  Kunstenaars vind dikwels inspirasie sodra hulle die materiaal begin manipuleer. Vertroue en 'n mate van die bemeestering van prosesse en materiaal maak voorsiening vir 'n meer kreatiewe weergawe van nuwe idees. Dit is natuurlik om visuele idees te kry wanneer ons met visuele materiale werk en nuwe tegnieke uittoets. Ondersoeke moet doelgerig wees.

- **Beeldmanipulasie deur collages, montages, Photoshop, ens.**
  Jy wil nie stereotipiese komposisies met gesentraliseerde beelde skep nie. Begin 'speel' met fotostate van jou tekeninge en ander bronmateriaal, bv. tydskrifbeelde, om ander opwindende moontlikhede vir die finale kunswerk te skep. Dokumenteer jou digitale manipulasies om eienaarskap te kry.

  **Dit kan die volgende insluit:**
  - Skeur, sny en oorvleueling ('layering') van visuele beelde
  - Naasmekaarstelling van visuele beelde
  - Die skep van dowwe, wasige beelde deur die beeld te beweeg terwyl gekopieer of geskandeer word
  - Die gebruik van deursigtige laagwerk/oorvleueling ('layering') deur beelde met kook-/lynolie te bedek of tekeninge op kalkeerpapier ('tracing paper') te gebruik
  - Die gebruik van ink of verf om party dele te bedek en bo-oor dit te teken of skilder




- **Invloede van kunstenaars**
  - Maak seker dat jy **historiese** en/of **kontemporêre** voorbeelde insluit wat jou geïnspireer het. 'n Riglyn sou wees om twee tot drie kunstenaars/kunswerke te ondersoek/na te vors en jou eie, persoonlike reaksie te toon.
  - **Moenie internet-drukstukke met inligting** in jou bronboek plak nie.
  - Toon goeie gebruik van vakkundige woordeskat (frases soos 'sterk kontras', 'lei die oog' en 'fokuspunt').

- **Teken/Skets**
  Maak baie duimnaelsketse om verskillende moontlikhede vir jou finale idee te oorweeg. Maak byskrifte en notas om 'n geskiedenis van jou denkprosesse te skep.




- **Skryf**
  Skryf aantekeninge/verklarings by tekeninge, bronne en eksperimente om jou gedagtes tydens konseptualisering uit te druk. Kommunikeer duidelik. Dit maak nie saak of jy aantekeninge of volsinne gebruik nie, maar moet nooit 'txt' of sleng/sms-taal gebruik nie.

- Dit is belangrik om te benadruk dat die doel van enige kunswerk is om 'n boodskap oor te dra – om kommentaar te lewer, te skreeu of te sing oor die wêreld waarin ons onsself bevind.
- Wanneer jy jou idees evalueer, elimineer dit wat onoorspronklik/oppervlakkig ('cheesy') (bv. pienk hartjies en oulike goetertjies), onopreg (bv. wêreldvrede) of oordrewe mooi is en niks om die lyf het nie (bv. 'n bos rose).
- Skakel bronne uit wat holrug gery is. Niks in kuns is nuut nie, maar jy kan dit 'n vars voorkoms gee. Daar is dikwels 'n magiese kwaliteit in wat ander weggooi, miskyk of vergeet.

**DIE FINALE IDEE**




Jy het nou jou finale idee vir die kunswerk en kan nou begin om dit te verfyn.

- **Oorweeg die volgende wanneer die finale komposisie beplan word**
  Oorgange tussen objekte, ongewone jukstaplasings, transformasies en metamorfose. Werk jou finale komposisie uit. 'n Goeie idee moet visueel opwindend wees. Maak klein duimnaelsketse om 'n verskeidenheid moontlikhede te oorweeg. Dink aan dinge soos die kontras tussen oop en besige dele, tussen donker en lig, ens. Dink aan negatiewe ruimtes, die gebruik van diagonale lyne, ens. om 'n gemoedstoestand of atmosfeer te skep. Moenie jou idee oorlaai nie.

| ASSESSERINGSKRITERIA | Dit sluit die volgende in: |
|---|---|
| **Prosestekeninge** | • Ten minste 30% moet tekeninge wees om jou konsep-ontwikkeling te verduidelik. |

- **Teken, teken en teken nog meer ...**
  Daar moet 'n uitgebreide gebruik van teken in jou bronboek wees wat ten minste 30% van jou voorstel vir jou finale werk weerspieël. Verseker die uitgebreide gebruik van tekening om persepsie en uitvinding uit te druk en om gevoelens, ervarings en idees oor te dra.

  Dit is belangrik dat **handvaardighede** in die bronboek gedemonstreer word en dat teken geïnterpreteer word as die skep van merke ('mark making') om denke visueel te maak deur:

  - Verskillende media, bv. potlood, pen, verf, uitveërs, penne, ink, bleikmiddel, tou, ens.
  - Verskillende style, bv. naturalisties, ekspressionisties, beweging ('gestural'), abstrak, ens.
  - Verskillende tekentegnieke, bv. stippeling, arsering, krabbel, tonale tekening, ens.

  Teken kan dus wissel van eenvoudige lynsketse om idees te verduidelik tot volle tonale tekeninge. Dit kan ook klein skilderye insluit. Dit is belangrik om idees en konsepte uit te druk deur tekening, bv. geannoteerde tekeninge.

- Direkte kopiëring uit tydskrifte, die internet, ens., word NIE toegelaat NIE. Direkte kopiëring van 'n visuele beeld wat nie jou eie is nie, SAL GEPENALISEER WORD. Dit is 'n vorm van plagiaat en is onaanvaarbaar.
- Die proses van TRANSFORMASIE (VERANDERING) van die bronmateriaal is uiters belangrik.
- As jy geskikte ontleende visuele beelde moet gebruik, moet jy dit met jou eie, oorspronklike visuele beelde kombineer om JOU EIE INTERPRETASIE TE ONTWIKKEL.

| ASSESSERINGSKRITERIA | Dit sluit die volgende in: |
|---|---|
| **Aanbieding en algehele voorkoms** | • Visueel interessant om 'n persoonlike benadering te toon.<br>• Jou bronboek moet gemiddeld uit 8–10 bladsye bestaan. |

**LAASTENS ...**

- **Uitleg**
  - 'n Bronboek se voorkoms moet herinner aan wat jy van 'n kunstenaar sou kon verwag om te skep. (Dit is nie 'n plakboek nie.)
  - Wissel bladuitleg af om verskeidenheid en visuele interessantheid te skep.
  - Elke blad van jou bronboek moet kreatiwiteit weerspieël.
  - Gebruik jou ruimte doeltreffend.

- **Dokumentasie van die proses**
  - Enige digitale werk, bv. fotografie, animasie, ens., moet deur skermskote, tekeninge en/of aantekeninge gedokumenteer word.
  - As jou werk meer prosesgeoriënteerd is, kan jy die proses dokumenteer, bv. tekeninge, aantekeninge en/of foto's.

- **Besinning/Nabetragting**
  Daar moet sigbare bewyse van besinning/nabetragting wees. Dit hoef nie 'n opstel aan die einde van die proses te wees nie, maar kan deur aantekeninge en annotasies dwarsdeur die bronboek gedoen word. Dit sal insig gee oor hoe jy idees gevorm het en hoeveel alternatiewe jy ondersoek het.

Die bronboekwerk is belangrik. Al word die keuse van grootte en formaat (A2, A3, A4 of enige ander grootte) aan jou en/of jou onderwyser oorgelaat, moet dit 'n wesenlike groep kunswerke wees. 'n Algemene riglyn sou 'n minimum van 8–10 bladsye per taak wees. Dit moet die ontwikkeling van jou idees duidelik toon en direk met jou kunswerk verband hou. Ten minste 30% moet uit tekeninge bestaan.

**Die belangrikste funksie van die bronboek is om insig te gee in jou denkprosesse wat tot die finale kunswerk gelei het. Daar MOET 'n duidelike verband tussen die bronboek en die kunswerk wees.**

**ONDERWERP 2 – DIE SKEP VAN DIE KUNSWERK** (Die maak van kreatiewe kunswerke, die bestuur van die proses en aanbieding deur veilige praktyk te volg)

| **Wat doen kunstenaars?** | | |
|---|---|---|
| ***Onthou*** | ***Skep*** | ***Verbeel*** |
| ***Voel*** | ***Waarneem*** | ***Verwring*** |
| ***Eksperimenteer*** | ***Ontdek*** | ***Speel*** |
| ***Herhaal*** | ***Omskep*** | ***Ondersoek*** |
| ***Beplan*** | ***Analiseer*** | ***Simboliseer*** |
| **DIT IS HOE JY JOU TEMA KAN VERKEN.** | | |



- Die kunswerk moet met jou eie ervarings verband hou.
- Kuns is die produk van 'n proses.
- Komposisie is die grondslag vir beeldskepping. Bespreek jou komposisies en maniere om dit meer opwindend te maak met jou onderwyser.
- 'n Idee is net so goed soos die uitvoering daarvan. Swak werk sal 'n goeie idee ruïneer.
- 'n Kunswerk is eerstens 'n uitdrukking van die medium daarvan. In alle groot kunswerke is die onderwerp en die wyse waarop dit weergegee word, onafskeidbaar. Jy moet tegnieke bemeester om jou inhoud te beskerm.
- Onthou die belangrikheid van die elemente en beginsels van kuns, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, balans, harmonie, proporsie/verhouding en komposisie.
- Wees kreatief en innoverend.
- Geniet wat jy doen en streef altyd na 'n persoonlike interpretasie van 'n tema.

### 3.2 Vereistes: Jaarplan

Die tabel verskaf duidelikheid oor praktiese take waar die bronboek (Onderwerp 1) deel uitmaak van die SGA-punt en die kunswerk (Onderwerp 2) deel uitmaak van die PAT-uitstalling.

| JAARLIKSE PLAN VAN ASSESSERING VIR VISUELE KUNSTE – GRAAD 12 | | | |
|---|---|---|---|
| **SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING: 25%<br>150 + 100 + 100 = 350 punte verwerk na 100 punte (SGA)** | | | **EKSAMEN:<br>75%** |
| **KWARTAAL 1** | **KWARTAAL 2** | **KWARTAAL 3** | **KWARTAAL 4** |
| **150 PUNTE** | **100 PUNTE** | **100 PUNTE** | **200 PUNTE** |
| **TAAK 1<br>TEORIETOETS**<br>(summatiewe assessering)<br>**50 punte** | | **TAAK 4<br>PROEFEKSAMEN**<br>(summatiewe assessering)<br>**100 punte** | **TAAK 6<br>FINALE EKSAMEN<br>V1 TEORIE-EKSAMEN**<br>(summatiewe assessering)<br>**100 punte** |
| **TAAK 2<br>KONSEPTUALISERING<br>Onderwerp 1**<br>(formatiewe assessering)<br>**100 punte** | **TAAK 3<br>KONSEPTUALISERING<br>Onderwerp 1**<br>(formatiewe assessering)<br>**100 punte** | **TAAK 6<br>FINALE EKSAMEN<br>V2 KONSEPTUALISERING**<br>(summatiewe assessering)<br>**(50 punte)** | **TAAK 6<br>FINALE EKSAMEN<br>V2 KUNSWERK**<br>(summatiewe assessering)<br>**(50 punte)** |
| **TAAK 5<br>PAT<br>(Deurlopende assessering van Kwartaal 1 tot Kwartaal 2)** | | | |
| **KWARTAAL 1** | **KWARTAAL 2** | **KWARTAAL 3** | **KWARTAAL 4** |
| **KUNSWERK 1<br>Onderwerp 2**<br>(formatiewe assessering)<br>**100 punte** | **KUNSWERK 2<br>Onderwerp 2**<br>(formatiewe assessering)<br>**100 punte** | **PAT-UITSTALLING**<br>(summatiewe assessering)<br>**100 punte** | |
| **25% van die PAT-punt** | **25% van die PAT-punt** | **50% van die PAT-punt** | |
| **Intern geassesseerde kunswerk<br>(Kwartaal 1 + 2) = 50 punte** | | **PROSES EN UITSTALLING = 50 punte** | |
| **100%** | | | |
| **100 (SGA) + 100 (PAT) + 100 (PRAKTIESE EKSAMEN) + 100 (TEORIE-EKSAMEN) = 400 (TOTALE PUNTE)** | | | |

## 3.3 Assessering

**ONDERWERP 1: BRONBOEK**

| ASSESSERINGSKRITERIA | Dit sluit die volgende in: | Gewigs-toekenning |
|---|---|---|
| **Konsep-ontwikkeling** | • Breinkaarte, sketse met byskrifte en tekeninge om konsep-ontwikkeling te toon | **25%** |
| **Navorsing, ondersoek, eksperimentering, ens.** | • Dit moet **sommige of al** die volgende insluit:<br>o Sketse, tekeninge, foto's, visuele beelde, versamelde gedigte, lirieke en ander materiaal wat jou inspireer<br>o Navorsing oor kunstenaars wat jou geïnspireer het<br>o Eksperimentering van media en/of verskillende tegnieke<br>• Alle materiaal moet met die ontwikkeling van **jou** werk verband hou en **jou** besluite ondersteun. | **25%** |
| **Prosestekeninge** | • Ten minste 30% moet tekeninge wees om jou konsep-ontwikkeling te verduidelik. | **25%** |
| **Aanbieding en algehele voorkoms** | • Visueel interessant en toon 'n persoonlike benadering.<br>• Jou bronboek moet gemiddeld uit 8–10 bladsye bestaan. | **25%** |
| **TOTAAL** | | **100** |

**Riglyne vir assessering**

- Soos gesien in die rubriek vir die bronboek dra die vier assesseringskriteria gelyke gewig.
- Elke assesseringskriterium moet as 'n persentasie nagesien word.
- Die vier punte moet bymekaar getel word vir 'n punt uit 400 en dan deur 8 gedeel word om die totaal uit 100 te kry.
- Slegs die spesifieke kriteria moet nagesien word. Onderwysers mag nie hulle eie vereistes opstel nie.
- Die beskrywende rubriek, ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK, op bladsy 11 en 12 MOET in al die kriteria gebruik word om standaardisering te verseker.

**ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK**

| ASSESSERINGSKRITERIA | Dit sluit die volgende in: |
|---|---|
| **Keuse en gebruik van materiaal/ tegnieke** | • Geskiktheid van materiaal en tegniek volgens die konsep<br>• Veilig en hanteerbaar<br>• Tegniese vaardigheid |
| **Gebruik van formele kunselemente** | • Die belangrikheid van die elemente en beginsels van kuns, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, balans, harmonie, proporsie/verhouding en komposisie |
| **Geheelindruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering** | • Ontwikkeling van nuwe, unieke en ongewone antwoorde/oplossings |
| **Vertolking/Interpretasie en praktiese implementering van navorsing** | • 'n Persoonlike interpretasie van 'n tema<br>• Eksperimentering<br>• Probeer nuwe uitdagings |
| **Voltooiing en aanbieding van kunswerk** | • Aandag aan detail<br>• Taak in toegelate tyd voltooi<br>• Aanbieding volgens taak |
| **TOTAAL** | **100** |

**Riglyne vir assessering**

- Die kunswerk MOET holisties geassesseer word en geen spesifieke puntetoekennings kan vir die verskillende kriteria gebruik word nie.
- Die beskrywende rubriek, ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK, op bladsy 10 en 11 MOET gebruik word om standaardisering te verseker.

**3.4 Afwesigheid/Take nie ingelewer nie**

- Afwesigheid of take wat nie ingelewer is nie, sal 'n ONVOLLEDIGE punt tot gevolg hê.
- Om egtheid te verseker, moet **60% van die kunswerk** (ONDERWERP 2) by die skool voltooi word.
- Indien werke by die huis voltooi word, kan die onderwyser nie die egtheid daarvan goedkeur nie en 0% sal toegeken word.

**3.5 Aanbiedingsvereistes**

**ONDERWERP 1 (Bronboek):** Minimum van 8–10 bladsye
**ONDERWERP 2 (Kunswerk):** Jou onderwyser sal jou help met die aanbieding, montering, uitstalling, ens. vir nasiendoeleindes.

**3.6 Tydraamwerke**

- Presiese, nie-onderhandelbare datums vir die inlewering van werk
- Kontrolepunte tydens die proses

**3.7 Verklaring van egtheid**

Verwys na BYLAE A op bladsy 26.

## 4. BRONNELYS

**LTSM – Bronverwysings**

- Handboek deur die DBE goedgekeur.
- Naslaanboeke, katalogusse en tydskrifte soos *Art Africa* en *Art Times*, foto's, PowerPoint-aanbiedings, video's, ens. om waardevolle onderrig- en leerondersteuningsmateriaal te verskaf.
- Besoeke aan kunsuitstallings. Gereelde, volgehoue besoeke aan kontemporêre uitstallings word sterk aanbeveel. Waar besoeke onmoontlik is (skole in landelike gebiede, ens.), moet koerantresensies, ens. gereeld geraadpleeg word.
- Die internet: Gebruik die soekenjins om nuttige webwerwe te vind. YouTube voorsien baie praktiese werkswinkels. Inspirasie vir praktiese take kan op Pinterest gevind word.

## 5. GEVOLGTREKKING

Na voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders hulle begrip van die bedryf kan demonstreer, hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns kan versterk, en ook betrekkinge buite die klaskamer kan vestig en uitdagings in die wêreld daarbuite kan aandurf. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede en gee aan hulle die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te raak.

**LET WEL: Al die kunswerke in hierdie dokument is deur graad 12-leerders geskep.**

**BYLAE A**

| VERKLARING VAN EGTHEID | | |
|---|---|---|
| **Ten minste 60% van hierdie PAT is onder toesig van die Visuele Kunste-onderwyser gedoen. Hierdie verklaring sertifiseer dat al die werk wat ingelewer is, oorspronklik is en die werk van die leerder is.** | | |
| | **HANDTEKENING** | **DATUM** |
| Leerder | | |
| Onderwyser | | |
| Skool | | |
| Skoolhoof | | |
| Skoolstempel | | |

**BYLAE B**

**VOORBEELD VAN PRAKTIESE TAAK**

Onderwysers kan hierdie voorbeeld as een van hul praktiese take in 2021 gebruik.

# TOEKOMSLAND

**Hoe sal ons môre lyk?**
**Wat is die 'nuwe normaal'?**



Banksy, ***Superhero Nurse (Superheld-verpleegster)***, 2020.


'Wat dit ook al is, het die Koronavirus die magtiges laat kniel en die wêreld tot stilstand gebring soos niks anders kon nie. Ons gedagtes jaag steeds heen en weer en smag na 'n terugkeer na 'normaliteit', en probeer ons toekoms aan ons verlede vasryg terwyl dit weier om erkenning te gee aan die breuk. Maar die breuk bestaan. En te midde van hierdie verskriklike wanhoop, bied dit ons die kans om die oordeelsdagmasjien wat ons vir onsself gebou het, te heroorweeg. Niks kan erger wees as om na normaliteit terug te keer nie.

'Histories het pandemies mense gedwing om met die verlede te breek en hul wêreld opnuut voor te stel. Hierdie een is geensins anders nie. Dit is 'n portaal, 'n poort tussen een wêreld en die volgende. Ons kan kies om daardeur te loop en die karkasse van ons vooroordeel en haat, ons gierigheid, ons databanke en dooie idees, ons dooie riviere en rokerige lug agter ons aan te sleep. Of ons kan liggies deurloop, met min bagasie, gereed om vir ons 'n ander wêreld voor te stel. En gereed om daarvoor te veg.'

– Arundhati Roy

Kopiereg voorbehou 

Die wêreld staar 'n pandemie in die gesig en leef tans deur tye wat hy nog nooit voorheen geken het nie. Baie lande is in inperkings gedwing, wat die kurwe van die aantal mense wat met die virus besmet is, afgeplat het. Deur die geskiedenis het kunstenaars die samelewing en aktuele gebeure in hul kunswerke weerspieël. Hulle het die tye waarin hulle geleef het, bespreek, uitgedaag en ontleed.



Leonel Moura, Miguel Chevalier, Jacopo Baboni Schilingi, ***Virale/Vitale Energie***, multimedia-installasieprojek, 2020.

*'Die verspreiding van histerie of vrees is net so gevaarlik soos die besmetting.'*




David Goodsell, ***Covid-19,*** 2020.

'n Skildery van die ernstige akute respiratoriese sindroom Koronavirus soos dit die longe binnedring. 'n Groep deskundiges sê dat 'n nuwe Coronavirus, nou SARS-CoV-2 genoem, tot dieselfde virusspesie behoort.



Doug Aitken, ***Don't Forget to Breathe (Moenie Vergeet Om Asem Te Haal Nie)***, multimedia-installasie, hars, geprogrammeerde LED's en klank-luidsprekers, 2018.




Simon Attwood, ***Covid-19-plakkaat***, eenkleur-linodruk op papier, Mei 2020.

## PLAE EN PANDEMIES

**Wat is 'n plaag?**
'n Aansteeklike bakteriese siekte, gekenmerk deur koors en delirium, en wat gewoonlik met die vorming van kliergeswel/geswelde limfknope (builepes) en soms longinfeksie (longpes) verband hou. Die siekte versprei vinnig en maak baie mense dood.

**Wat is 'n pandemie?**
'n Siekte wat oor 'n hele land of die wêreld versprei

Woorde wat met 'n pes verband hou: kwaal, siekte, builepes, longpes, die Swart Dood, aansteeklike siekte, besmetting, epidemie, pestilensie, die pes en veesiekte

**Plae en pandemies is reeds eeue lank 'n gereelde deel van mense se lewens:**

- Die Middeleeuse Swart Dood was een van die mees verwoestende pandemies in die mensegeskiedenis met 'n beraamde 75–200 miljoen sterftes in Eurasië tussen 1345 en 1351.
- Die Spaanse Griep vanaf Januarie 1918 tot Desember 1920 het 500 miljoen mense regoor die wêreld besmet met 'n dodetal van 17–50 miljoen.
- MIV/Vigs, wat in die 1980's begin het, het 75 miljoen mense besmet met ongeveer 32 miljoen sterftes.
- MERS (Middel-Oosterse respiratoriese sindroom) het ongeveer 35% sterftes gehad uit die ongeveer 2 500 bevestigde gevalle sedert dit die eerste keer in 2012 in Saoedi-Arabië gerapporteer is.
- Sedert Julie 2020 het meer as 15 miljoen mense Covid-19 opgedoen met meer as 640 000 sterftes wêreldwyd. Suid-Afrika het aan die einde van Julie 2020 meer as 6 000 sterftes aangeteken, met 'n nasionale inperking wat maande geduur het.

Die builepes het die opkoms van 'n nuwe ikonografie in kuns tot gevolg gehad. Geraamtes en skedels is gebruik om die makabere 'dans van die dood' te toon of in Vanitas-skilderye gebruik om ons aan die onvermydelikheid van die dood en die verganklikheid en nietigheid van aardse prestasies en plesiere te herinner. Hulle het ook as 'Momento Mori' bekend gestaan.



Pieter Claesz, ***Still Life with Skull and Writing Quill (Stillewe met Skedel en Skryfveer)***, olie op hout, 1628.



Audrey Flack, ***Wheel of Fortune (Loterywiel)***, olieverfskildery, 1977.



Damian Hirst, ***For the Love of God (Vir die Liefde van God)***,
skedel met diamante bedek, 2007.



Peter Breughel Die Oudste, ***The Triumph of Death (Die Oorwinning van die Dood)***,
olie op 'n paneel, 1562.




Hugo Simberg, ***Dancing with Death (Dans met die Dood)***, olieverfskildery, 1879.




Keith Haring, ***Ignorance = Fear (Onkunde = Vrees)***, 1989.



Straatkuns, Daniel Burgraeve, ***Virus***, akrielverf, collage, spuitverf, ink op Plexiglas, 2020.



Sandra Hanekom, ***Corona Heads (Korona-koppe)***, gekleurde potlode, 2020.



Penny Siopis, ***Mask (Masker)***, ink, olieverf en gom, 2007.



**'Ring-a-ring o' roses,
A pocket full of posies,
A-tishoo! A-tishoo!
We all fall down.'**

Simone Kestelman, '***Ring around the Rosie'***, installasie, gemengde media op keramiek, 2017.

Die installasie handel oor die gehoor se bewusmaking van gesinsgeweld teen kinders. Die rokke verwys na afwesige liggame, leë klere van spesifieke mense wat geneem kan word en bewoon kan word deur diegene wat empatie kan toon. Die rokke het dieselfde uitwerking as maskers en beskou geweld as 'n saak van openbare belang.

Daar word gesê dat hierdie kinderliedjie in die tyd van die Groot Plaag ontstaan het. Die 'ring-a-ring o' roses' verwys na die rooi kring wat rondom die sweertjies gevorm het wat deur die pes veroorsaak is. Die 'pocketful of posies' verwys na die kruie wat gedra is om bose geeste of reuke af te weer. Die nies en die 'all fall down' verwys na die siekte en uiteindelik die dood.



Duyi Han, ***The Saints Wear White (Die Heiliges Dra Wit)***, muurskildery, 2020.

Die projek, wat 'Die Heiliges Dra Wit' genoem is, is deur die tradisionele styl van kerkskilderye en fresko's geïnspireer. Die muurskildery toon die alledaagse mediese werkers wat hulself onbaatsugtig aan die voorpunt van die virus stel. Die werk bring hulde aan anonieme dokters en verpleegsters, bedek met maskers, handskoene en lyfpakke, wat noodsaaklik is om te help gedurende die pandemie.

**Wat is *Toekomsland*?**

- Hoe sal ons land/wêreld môre lyk? Wat sou verander het? Sal die veranderinge goed of sleg wees?
- Hoe het jou lewe verander? Watter aspekte van Suid-Afrika is in 2020 deur die virus geraak? Het enigiets verbeter of agteruitgegaan?
- Sal môre helderder wees? Wat sal jy doen om van die wêreld 'n beter plek te maak?
- Wat gaan jy môre doen?

In die konseptualisering van jou interpretasie van ***Toekomsland*** kan jy beide die positiewe en negatiewe aspekte van hierdie wêreldwye virus oorweeg.

**Jy kan die volgende oorweeg:**

- Ons wêreld het kans gehad om asem te haal – skoner lug, minder besoedeling, ens.
- Gesinne bring kwaliteittyd saam deur.
- Ons evalueer ons behoeftes opnuut – materialisme is nie alles nie.
- Self-isolasie dryf kreatiwiteit aan.
- Ons sal nuwe inisiatiewe sien ontwikkel.
- Ons sal aanpas en ontwikkel.
- Noodsaaklikheid is die moeder van uitvindsels.
- Die voorheen 'onsigbares' het ons helde geword – dokters, verpleegsters, skoonmakers en onderwysers.
- Die ekonomie stort ineen.
- Geen onmiddellike entstof nie.
- Gesinsgeweld neem toe.
- Self-isolasie lei tot depressie.
- Langtermyn-impak.

**Vrae:**

- Hoe beïnvloed dit alles ons identiteit?
- Wat is jou normaal?
- Hoe het die pandemie jou daaglikse roetine beïnvloed?
- Hoe sal ons sosiale verbintenisse verander?
- Ons is nou selfs meer bewus van die ongelykhede in die wêreld – ongelykhede rakende inkomste en opvoeding?
- Watter nuwe normaal ervaar jy?

## ONDERWERP 1: BRONBOEK

Die volgende is moontlike riglyne om die tema te benader.

- Doen navorsing oor die tema en kunstenaars wat jou inspireer. Sommige van die kunstenaars in hierdie taak is 'n goeie beginpunt vir jou navorsing. Dit is belangrik dat jy navorsing doen oor ten minste DRIE kunstenaars.
- Verpersoonlik jou navorsing met notas, visuele beelde en aantekeninge in jou bronboek.
- Begin deur 'n omvattende breinkaart oor ***Toekomsland*** te maak.

  Beantwoord die volgende vrae wanneer jy jou breinkaart maak:
  - Wat is jou definisie van ***Toekomsland***? As jongmens wie se toekoms 'n 'onbekende wêreld' is, watter positiewe bydraes/voorstelle/idees kan jy of jou geslag na hierdie toekoms bring?
  - Wat sou jy graag in die toekoms wou verander, indien enigiets?
  - Wat is die mees spesiale ding waarna jy môre uitsien?
  - Daar word gereeld aangehaal dat môre nooit kom nie. Ons verwaarloos dikwels vandag en leef vir môre. Noem 'n paar dinge wat jy vandag/op die huidige oomblik sou doen as môre nooit sou kom nie.

- Gebruik jou idees vanaf die breinkaart om goeie bronmateriaal uit boeke, die internet, ens. te vind. Dit is ook raadsaam om jou eie foto's van landskappe, mense en voorwerpe te neem, waar moontlik.
- 'n Goeie opsie sal wees om jou bronmateriaal te gebruik om collages te maak (met die hand of digitaal).
- Hersien jou collages deur sketse van verskillende komposisiemoontlikhede van jou idee te maak.
- Dit is belangrik om die stemming/atmosfeer wat jy wil uitbeeld, in ag te neem. Dink aan dinge soos die kontras tussen oop gebiede en deurmekaar gebiede, tussen donker en lig, ens. Dink oor negatiewe ruimtes, die gebruik van diagonale lyne, ens. Besluit op die beste oplossing om jou stemming/atmosfeer oor te dra.
- Maak 'n tonale tekening van jou finale komposisie en maak aantekeninge oor jou voorneme.
- Onthou dat 'n goeie idee visueel opwindend moet wees en tot nadenke moet lei.
- Begin ontdek en eksperimenteer met tegnieke en materiaal. Maak aantekeninge oor jou eksperimente.
- Dit is uiters belangrik dat jou bronboek die ontwikkeling van jou finale kunswerk toon en die 'storie' van al jou denkprosesse en eksperimente vertel.
- Maak seker dat jou bronboek uit ten minste 8–10 bladsye bestaan en ten minste 30% tekeninge insluit.

Kopiereg voorbehou 

## ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK

Jou Visuele Kunste-onderwyser sal die skep van die finale kunswerk fasiliteer.

**ONDERWERP 1: BRONBOEK**

| ASSESSERINGSKRITERIA | Dit sluit die volgende in: | Gewigs-toekenning |
|---|---|---|
| **Konsep-ontwikkeling** | • Breinkaarte, sketse met byskrifte en tekeninge om konsep-ontwikkeling te toon | **25%** |
| **Navorsing, ondersoek, eksperimentering, ens.** | • Dit moet **sommige of al** die volgende insluit:<br>o Sketse, tekeninge, foto's, visuele beelde, versamelde gedigte, lirieke en ander materiaal wat jou inspireer<br>o Navorsing oor kunstenaars wat jou geïnspireer het<br>o Eksperimentering van media en/of verskillende tegnieke<br>• Alle materiaal moet met die ontwikkeling van **jou** werk verband hou en **jou** besluite ondersteun. | **25%** |
| **Prosestekeninge** | • Ten minste 30% moet tekeninge wees om jou konsep-ontwikkeling te verduidelik. | **25%** |
| **Aanbieding en algehele voorkoms** | • Visueel interessant en toon 'n persoonlike benadering.<br>• Jou bronboek moet gemiddeld uit 8–10 bladsye bestaan. | **25%** |
| **TOTAAL** | | **100** |

**ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK**

| ASSESSERINGSKRITERIA | Dit sluit die volgende in: | Gewigs-toekenning |
|---|---|---|
| **Keuse en gebruik van materiaal/ tegnieke** | • Geskiktheid van materiaal en tegniek volgens die konsep<br>• Veilig en hanteerbaar<br>• Tegniese vaardigheid | |
| **Gebruik van formele kunselemente** | • Die belangrikheid van die elemente en beginsels van kuns, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, balans, harmonie, proporsie/verhouding en komposisie | |
| **Geheelindruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering** | • Ontwikkeling van nuwe, unieke en ongewone antwoorde/oplossings | |
| **Vertolking/Interpretasie en praktiese implementering van navorsing** | • 'n Persoonlike interpretasie van 'n tema<br>• Eksperimentering<br>• Probeer nuwe uitdagings | |
| **Voltooiing en aanbieding van kunswerk** | • Aandag aan detail<br>• Taak in toegelate tyd voltooi<br>• Aanbieding volgens taak | |
| **TOTAAL** | | **100** |

## BYLAE C

## RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER OM DIE PAT: *TOEKOMSLAND* TE BESTUUR

**Verwys na die volgende in hierdie PAT-dokument om die praktiese taak te fasiliteer:**

- 'n Paar idees en benaderings om ONDERWERP 1 te lei
- 'n Paar idees en benaderings om ONDERWERP 2 te lei
- Sorg dat leerders toegang tot die Riglyne vir die Leerder in hierdie dokument het.

**LET WEL:**

Oorweeg dit om hierdie tema as 'n breë tema vir die praktiese werk in Graad 12 te gebruik, waar die leerder die twee take gebaseer van hierdie tema sal doen. Dit sal lei tot 'n meer samehangende groep kunswerke in die retrospektiewe uitstalling en 'n dieper ondersoek na die tema. (Sien RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER).

**'n Paar dinge om in gedagte te hou:**

### GEDRAGSKODE VAN SKOOL

- Onderwysers moet toesien dat alle werk in ooreenstemming met hul skool se gedragskode is.
- Eksplisiete onderwerpe en beelde moet vermy word.

### PASAANGEËRY

Stel die sperdatums vir die inlewering van die PAT vas. Dit is raadsaam om ook mini-sperdatums vir bronboek-aktiwiteite vas te stel. Vakadviseurs vind dikwels dat leerders die grootste gedeelte van die kwartaal aan die bronboekwerk spandeer en dan die finale kunswerk moet afjaag. Alhoewel 'n groot deel van die konseptualisering in die bronboek gedoen moet word voordat daar met die finale kunswerk begin word, is daar dele wat gedoen kan en moet word terwyl daar aan die kunswerk gewerk word. Dit sal die veranderinge insluit wat jy maak terwyl jy aan die kunswerk werk, verdere eksperimentering en besinning.

### GESPESIALISEERDE OPSIES

Onderwysers kan spesifieke vereistes vir gespesialiseerde praktiese opsies byvoeg, soos fotografie, beeldhouwerk, drukkuns, ens.

### BEELDMANIPULASIE

Soos in die bronboekriglyne gesien, word daar voorgestel dat collage (met die hand of digitaal) ondersoek word om 'n finale komposisie te kry. Fasiliteer hierdie proses om leerders te laat wegbeweeg van stereotipiese komposisies. Laat leerders met visuele beelde en/of fotokopieë van hul tekeninge en ander bronmateriaal speel om opwindende opsies vir die finale kunswerk te skep.

Dit kan die volgende insluit:

- Skeur, sny en oorvleueling ('layering') van visuele beelde
- Naasmekaarstelling van visuele beelde
- Die skep van dowwe/wasige beelde deur die beelde te beweeg terwyl gekopieer of geskandeer word
- Die gebruik van deursigtige laagwerk/oorvleueling ('layering') deur beelde met kook-/lynolie te bedek of tekeninge op kalkeerpapier ('tracing paper') te gebruik
- Die gebruik van ink of verf om party dele te bedek. Teken of skilder bo-oor hierdie dele.

## SPESIFIEK RAKENDE DIE TEMA VAN *TOEKOMSLAND*

**Inleiding:**

- Gebruik visuele bronne wat in hierdie dokument verskaf word, saam met ander relevante kunstenaars om hierdie tema bekend te stel.
- Skep 'n diepgaande bespreking en moedig leerders aan om sonder vooroordeel te wees en buigsaam in die uitpak van die tema.
- Moedig leerders aan om ook te kyk na die 'positiewe' en kreatiewe oplossings vir die probleme wat ons in die gesig staar. Ons fokus te dikwels net op die negatiewe.
- Data, statistieke en mediese navorsing verander daagliks. Leerders moet aangemoedig word om op hoogte van hierdie veranderinge te bly, aangesien dit hul toekoms sal beïnvloed.

Kopiereg voorbehou